## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## ACIM: Elke Donderdag 7pm Kolping
## Werkswinkel: Ons kinders en geloof!

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van ____________________

E-Mail ____________________ Sel ____________________

Woonadres ____________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:

**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **Bankrekening vir bydraes**<br>**FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | BAIE DANKIE<br>Ons vra 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum

## 2 Junie 2013

## "ONS VADER ..."
## 'N GEBED VAN
## GELOOF, HOOP EN LIEFHÊ

### STILTE IN DIE KAPEL

~ THE PRAYER — MONTSERRAT CABALLE ~

### IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Ons Almagtige Liefde en Ewige Lewe
hemel is om te onthou dat ons één is met U.
Heilig is U naam: "Ek is wat Ek is ..."
Laat U koninkryk kom deur ons
en bring ons in balans en harmonie met U.
Ons dank U vir die brood wat U gee;
brood van vergiffenis
soos die brood wat ons uitdeel aan almal
wat vir ons 'n naaste is —
en lei ons wanneer ons in versoeking kom;
maak ons vry van dit waaraan ons so swaar dra.
Want aan U behoort die krag van die skepping,
die heerlikheid van ons verwondering,
die eer van ons aanbidding,
van vandag af tot in alle ewigheid.
Amen

- STILTETYD -

# GESPREKSIRKEL

**GEBED:** fokus **intensies**, **gedagtes** en **wil**

**GEBED:** gee **insig** (waarheid), **uitsig** (wysheid), **perspektief** (konteks)

**GEBED:** bring **vergiffenis** (geloof), **volharding** (hoop), **dankbaarheid** (liefde)

## DIE "ONSE VADER ..." GEBED

### 1. Dit gaan oor God met wie ons 'n Heilige Eenheid deel.

**Ons Vader wat in die hemel is:** *ons* Vader is 'n persoonlike belydenis is. 'Hemel' is die bewussyn om in God te wees en God in ons. **Heilig is U naam:** die naam *'ek is wat ek is'* [Jahwe] staan vir die helende, allesinsluitende krag wat in ons is maar nie van ons nie. **Laat U koninkryk kom:** koninkryk is 'n teenwoordigheid *(presence)*, dis 'n diep bewus wees van hierdie teenwoordigheid van God wat deur ons vloei en oorloop na die wêreld om ons.

### 2. Die Manifestasie van God wat ons Herken, Erken, Ken.

**Laat dit wees soos U wil** *(splendour & delight)*: die wetmatigheid van die kosmos is die beginsel van oorsaak-en-gevolg. God (Liefde) is oorsaak-en-gevolg gelyktydig in die nou. **In die hemel en op aarde:** Goddelike Bewussyn *(Divine Consciousness)* nie maar ook in ons menslike bewussyn *(human consciousness, awareness, presence)* **Gee vandag ons daaglikse brood**: die een wat dit bid, het gesê *"Ek is die brood van die Lewe, wie van my eet sal nooit weer honger word nie"* - *Cosmic Energy and Christ Consciousness.* **Vergewe ons ons skuld**: skuld is al daardie goed van gister waaraan ons so verknog vashou en dit vra: help ons om dit te laat gaan! Vergewe ons vooroordele en vergeetagtigheid. **Soos ons ook vergewe hulle wat ons skuld:** vergiffenis maak heel; verwyder mure en heinings en maak ons vry!

### 3. Toewyding bring Verantwoordelikheid en Harmonie.

**En bring ons nie in versoeking nie:** Jakobus sê God versoek niemand nie, dis ons begeertes en verwagtinge wat ons mislei daarom vra ons: lei ons wanneer ons in versoeking kom! **Maak ons vry van dit waaraan ons swaar dra:** waaraan dra ons so swaar? Straf, verwydering, vernedering, skuldgevoel en vrees is die "bose" – daarom onthou ons: Liefde is die weg, die waarheid en die lewe.

### 4. Die Aanbidding en Dankbaarheid waarop ons fokus.

**Want U is die koninkryk en die krag:** dit spreek van 'n verhouding met God wat sê: *I know Thee intimately*, en daardie *'knowing'* is die krag om anders te kies, anders te dink, anders te reageer. **Die heerlikheid tot in ewigheid:** die 'wil' van God is die nóú waar ons laat gaan aan gister (guilt) en môre (vrees) as ons elke gebed eindig: *Let the splendour, desire, delight of God be my splendour, desire and delight!*

— Wat ek dink ek nodig het .. is wat ek geroep is om te gee —

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ Left That Body Long Ago — Amy MacDonald ~

---

## DAGMAAL VAN DANKSEGGING

Brood is liggaam: wat ons herinner dat ons een is aan mekaar

Wyn is bloed is Lewe: wat ons herinner dat ons onlosmaaklik deel is van God

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Julle, geliefdes, moet egter voortgaan
om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof.
Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees.
Bly in die liefde van God.
Vestig steeds julle vooruitsig op die barmhartigheid
van ons Here Jesus Christus
wat die ewige lewe vir julle gegee het.
Oor dié wat in twyfel verkeer, moet julle jul ontferm.
Ander moet julle red deur hulle uit die vuur te ruk.
Oor ander moet julle jul met versigtigheid ontferm.
Aan Hom wat magtig is om julle van struikeling te bewaar
en julle volmaak met vreugde sy heerlikheid laat aanskou,
aan die enigste God, ons Verlosser deur Jesus Christus ons Here,
aan Hom behoort die heerlikheid en die majesteit,
die krag en die mag,
van alle ewigheid af,
ook nou en tot in alle ewigheid!
Amen.

— Judas 1:20-25 —

---

~ The Lord's Prayer — Mahalia Jackson ~